

# Saterdag 20 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 101:1-8

Fokusgedeelte: Psalm 101:6  
(1933/53-vertaling)

## **In opregtheid volgens God se wil**

Die Psalm begin deur 'n algemene stelling te maak: "Ek wil sing van goedertierenheid en reg ...". Ons kan dit amper as 'n retoriese vraag lees ... want die antwoord word veronderstel: as die mens ooit oor goedertierenheid en reg wil sing, waaroor kan ons anders sing as "... tot u eer wil ek psalmsing, o Here!"

Koning Dawid trek 'n baie definitiewe lyn in die sand, stel dit duidelik waarby hy hom skaar. Vir ongeregtigheid het hy nie tyd nie, vir afvalliges, 'n verkeerde hart of hoogmoediges sal daar nie geduld wees in sy midde nie. Hierdie is die tipe dinge wat nie in koning Dawid se paleis hoort nie, in sy koninkryk sal dit nie verduur word nie. Tog weet ons dat Dawid homself skuldig gemaak het aan hierdie tipe dinge, was hy self nie onaanspreeklik hiervan nie. Daarom, as ons na hierdie Psalm kyk en dit as koningspsalm lees, lees ons dit ook vanuit die genadige beloftes van God. Nie alleen die koningskap van Dawid nie, maar die nageslag van Dawid wat vir ewig op die troon sal heers, dis nie maar alleen Dawid se wil en wens om onverdraagsaam te wees teenoor onreg nie, maar dis die koninkryk van Christus wat reeds verkondig word en waarop Dawid wag. In die koninkryk van Christus is daar nie plek vir hoogmoediges nie, "Hy wat heimlik van sy naaste kwaad spreek, hom sal Christus vernietig". Daarom is ons oë nie in die eerste plek gevestig op die voorbeeld van Dawid of ander gelowiges om reg van onreg te onderskei nie, maar ons oë is gerig op ons Verlosser en Here Jesus Christus, in Hom alleen vind ons die weg en die waarheid. In ons soeke na Hom sal ons God kan dien soos Hy dit van ons vra.

*Sing: Psalm 101-1:1-5*

*Ds. AJ Dednam (Anton) (Bergsig)*